VISIE

1. Om in die opvoedingsproses, leerders te vorm tot verantwoordelike, gebalanseerde en selfstandige persone.
2. Om deur doelgerigte en bekwame onderrig die leerders se vermoëns te ontwikkel deur die nuutste onderwysmetodes via pasafgestudeerde studente/opvoeders te laat saamsmelt met ou geslaagde en beproefde metodes van ervare opvoeders.
3. Om die leerders te lei tot selfdissipline deur die aanvaarding van gesag en dissipline in die skool, tuis en in die gemeenskap.
4. Om ‘n gelukkige skoolklimaat te skep deur samewerking en naasteliefde te bewerkstellig tussen opvoeders, leerders, ouers en die gemeenskap.
5. Om op ‘n deurlopende basis daardie kwaliteite te beklemtoon wat interaksie tussen kollegas tot gevolg sal hê.
6. Om met ywer en toewyding die mooi hoedanighede van hierdie skool, hoe langer hoe meer, uit te bou sodat Laerskool Sonop vir die jare vorentoe altyd ‘n inklusiewe heenkome sal bied vir diegene wat kwaliteit laerskoolonderrig vooropstel.
7. Om voldoende geleentheid te skep sodat leerders wat nie in die hoofstroom kan vorder nie, gekanaliseer kan word na ‘n klas waar hulle volgens hul vermoëns kan ontwikkel.
8. Om voldoende geleentheid te skep vir die skool om in getalle te groei.

MISSIE

1. Om enersyds die Christelike karakter van hierdie skool te handhaaf en andersyds die bestaan van ander geloofsoortuigings in ons land te erken en te respekteer.
2. Om elke leerder te lei tot selfstandige denke en die bemeestering van lewens- en ander vaardighede met die doel om in die samelewing menswaardig te kan optree.
3. Om by elke leerder ‘n positiewe selfbeeld en gevoel van eie waarde, selfvertroue, selfrespek en respek vir andere en vir gesag te ontwikkel.
4. Om by elke leerder ‘n begrip te kweek van kultuur en die geskiedenis van sy eie erfenis in samehang met dié van ander kultuurgroepe.
5. Om elke leerder te help in die opbou en uitleef van etiese en geestelike waardesisteme.

WAARDES

1. Sterk ouerbetrokkenheid.
2. Handhawing van dissipline en selfdissipline.
3. Effektiewe kort- en langtermynbeplanning.
4. Sinvolle buitemuurse bedrywighede.
5. Getroue skoolbywoning van leerders.
6. Stiptelike teenwoordigheid van opvoeders.
7. Die opvoeder, nie-onderwyspersoneel, ouers en leerders se trots op die ganse skoolopset.
8. Die professionele en vriendelike optrede van die opvoeders en nie-onderwyspersoneel onderling.

EREKODE

Ek beloof om na my beste vermoë:

My Here met opregtheid en toegewydheid te dien soos dit in God's Woord vir my geleer word.
Eerbied te betoon teenoor my ouers, opvoeders, mede-skoliere en volwassenes.
Elke dag die skool by te woon en in take aan my opgedra, my allerbeste te lewer.
Altyd in my voorkoms en kleredrag netjies te wees, sodat ek vir ander 'n voorbeeld kan wees.
Deur goeie gedrag binne en buite my skool, my skool se naam hoog te hou.
My maters in alle opsigte te respekteer en in liefde met hulle saam te verkeer.
My eie naam en karakter onberispelik te hou.
Vir my land en volk 'n goeie burger(es) te wees en die nodige eerbied en respek aan my landsvlag en volkslied te betoon.
My moedertaal suiwer te praat en my volkstradisies te handhaaf en uit te bou.
Aan my mede-landgenote die nodige respek en eerbied te betoon en ook agting te hê vir sy taal en tradisies.
Verder beloof ek om in woord en daad, niks te doen wat my skool, oneer sal aandoen nie.

~~~oOo~~~
~~~